



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

22/2026

18 Junie 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

Soos ons die einde van nog 'n besige kwartaal nader, wil ek graag elke leerder, ouer en personeellid bedank vir hul harde werk, ondersteuning en toewyding gedurende die Junie-eksamen. Die eksamen word op 22 Junie afgehandel en ons sien daarna uit om die kwartaal op 'n positiewe noot af te sluit.

Ek wil alle ouers en leerders versoek om asseblief deeglik kennis te neem van die akademiese program vir die laaste skoolweek van die kwartaal. Die graad 12-leerders registreer op 23 Junie vir die NSS-eksamen (eindeksamen) en moet almal hier wees om te registreer.

Ons sportspanne het die afgelope week weer bewys dat harde werk, deursettingsvermoë en spanwerk uitstekende resultate oplewer. Ons netbalspelers het tydens die Gautengkampioenskappe ons skool met trots verteenwoordig. Die o.14A-span het al ses hul poelwedstryde gewen, deurgedring na die uitspeelrondtes en uiteindelik 'n uitstekende 6de plek uit 28 skole in Gauteng behaal. Ons 1ste netbalspan het drie van hul vier wedstryde op die eerste dag van die uitspele gewen en hul kompetisie afgesluit met 'n indrukwekkende 7de plek in Gauteng.

Nog sportnuus waarop ons besonder trots is, is die prestasie van ons hokkiespelers. Baie geluk aan die volgende spanne wat deurgedring het na die Noordvaal-kompetisie: 1ste-dogterspan (Grootskole B-afdeling), o.14A-dogterspan (Grootskole B-afdeling) en die 1ste-seunsspan (Mediumskole afdeling). 'n Besondere mylpaal vir ons skool is dat dit die eerste keer in Hoërskool Oos-Moot se geskiedenis is dat die 1ste-seunshokkiespan deurdring na die Noordvaal-kompetisie. Ons wens al hierdie spanne alles van die beste toe vir die kompetisie wat voorlê.

Met Vadersdag wat hierdie komende naweek gevier word, wil ons graag al ons pa's en seuns herinner aan ons gewilde Pa & Seun-aand op 19 Junie. Indien jy nog nie jou kaartjie gekoop het nie, is daar nog tyd. Kaartjies kos R150 vir 'n pa en seun, met R50 vir elke addisionele seun. Bring jou eie vleis en eetgerei saam en kom geniet 'n lekker kuier en braai na afloop van die verrigtinge. Daar sal ook 'n heerlike koffiestalletjie wees om die winterkoue weg te hou. Kaartjies is beskikbaar op [Die Blou Rak](#). Ons sien uit daarna om saam met julle kosbare herinneringe te skep.

Ons sien uit na die eerste **Oosie Bash-kriekettoernooi**, wat van **22 tot 26 Junie** plaasvind. Hierdie inisiatief is geskep om krieket binne die skool verder te bevorder en aan ons seuns waardevolle wedstrydgeleenthede te bied ter voorbereiding van die vakansietoere. Die toernooi word afgesluit met die **groot finaal op die laaste skooldag (26 Junie)**, met spel wat reeds om **08:00** begin. Ons nooi die Oosie-gemeenskap uit om die spelers te ondersteun en deel te wees van hierdie opwindende nuwe tradisie.

'n Besondere woord van dank gaan ook aan die Oosie-Bond. Hierdie groep ondersteuners speel 'n belangrike rol in die bevordering van ons skool se belange en die uitbou van verhoudings binne die Moot-gemeenskap. Die Oosie-Bond help om die band tussen oudleerders, ouers, vriende van die skool en die gemeenskap te versterk. Hul betrokkenheid en ondersteuning dra by tot projekte en inisiatiewe wat ons leerders en skoolgemeenskap bevoordeel.

Terwyl ons die laaste deel van die kwartaal aanpak, moedig ek elke leerder aan om gefokus te bly en die kwartaal sterk af te sluit.

Aan al ons ouers – dankie vir u voortdurende ondersteuning van die skool, ons personeel en veral ons leerders in ons strewe na uitnemendheid op alle gebiede.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

ALGEMEEN

Belangrike datums en kontakbesonderhede

- 19 Junie : Pa-en-seun aand Eksamen eindig
- 22 Junie : Winterskool begin
- 23 Junie : Gr.12 eindeksamenregistrasie
- 22 – 26 Junie: Normale skoolweek
- 26 Junie : Skool sluit
- 21 Julie : Skool heropen
- 24 Julie : Rapporte (leerders)
- 30 Julie : Fotodag 2

PERSONEEL

Ons groet mej C. Hammond, wat 'n aflospos by HTS John Vorster aanvaar het. Sy was 'n ware staatmaker by Hoërskool Oos-Moot en 'n groot aanwinst vir ons skoolgemeenskap.

Ons bedank haar vir haar waardevolle bydrae tot die Oosie-familie en wens haar alle voorspoed, geluk en sukses toe met hierdie nuwe hoofstuk. Ons weet sy gaan ook daar 'n verskil maak en 'n positiewe invloed hê. Baie sterkte en seënwenne!

AKADEMIE

Graad 12 – Eindeksamen registrasie

Alle graad 12-leerders is verplig om te registreer vir die NSS-eksamen (eindeksamen) en moet op die volgende datum by die skool teenwoordig wees om te registreer.

Datum : 23 Junie
Tyd : Gedurende skoolure

Belangrik:

Daar is nie 'n verdere geleentheid om te registreer nie.

Akademie program: 23 tot 25 Junie

Op 23 Junie hervat normale akademiese tyd en om te verseker dat alle leerders elke vakonderwyser sien voordat die kwartaal afsluit, word die **inhoud van ses roosterdae (D1–D6) oor drie dae aangebied**:

Dinsdag, 23 Junie : D1- en D2-rooster
Woensdag, 24 Junie : D3- en D4-rooster
Donderdag, 25 Junie : D5- en D6-rooster

- Die laaste week van die kwartaal word benut om Kwartaal 2-eksamenvraestelle saam met vakonderwysers deur te werk en enige navrae daarvoor af te handel.
- Leerders wat antwoordstelle verder wil besigtig, kan dit daagliks tot 15:00 by die betrokke vakonderwyser doen.
- Kwartaal 2-eksamenvraestelle sal nie weer aan die begin van Kwartaal 3 bespreek word nie, en geen puntkorleksies ten opsigte van Kwartaal 2-

assesserings sal gedurende Kwartaal 3 aangebring word nie.

Graad 12 Winterskool

Die graad 12-leerders se Winterskool word hierdie jaar aangebied vanaf 22 Junie tot 11 Julie.

Registrasie

Leerders moet asseblief [hier](#) registreer.

[Winterskoolbrief](#) met inligting t.o.v. vakke, dae en tye.

Toerisme PAT: Gr10 en 11

Neem asseblief kennis van die inligting ten opsigte van hierdie leerders se Toerisme PAT. Volledige inligting is beskikbaar in die inligtingskrywe wat in harde kopie aan leerders uitgegee is en op 3 Junie elektronies aan ouers gestuur is.

Graad 10

22 Junie

Die formele Toerisme PAT word afgelê.

Graad 11

19 Junie

Die Toerisme PAT-voorbereiding sal op hierdie dag plaasvind ná afloop van die leerders se geskeduleerde vraestel vanaf 09:30 tot 11:00.

22 Junie

Die formele Toerisme PAT word afgelê.

Let wel:

- GEEN leerder mag op hierdie twee dae afwesig wees nie.
- Gewone eksamenreëls geld in terme van kleredrag, netheid en gedrag.
- Leerders het 5 ure om die taak te voltooi.
- Die sessie word opgedeel in twee dele met 'n pouse van 30 minute tussen-in.

Skooldrag en voorkoms

Ons wil ouers en leerders vriendelik herinner dat leerders te alle tye in hul amptelike, korrekte skooldrag geklee moet wees.

Kom asseblief die voorkomsreëls te alle tye noukeurig na sodat ons die skool se standarde kan handhaaf.

- Ons vra vriendelik dat leerders nie hul hare gedurende die skoolvakansie sal kleur of strepies laat insit nie. Dit geld vir seuns én dogters.
- Leerders moet ook nie hul hare volgens die nuutste modegiere sny nie (bv. seuns se “mushroom-styl” – hare super kort onder met baie volume bo).
- 'n Voorkomsinspeksie vind op die eerste dag van elke nuwe kwartaal plaas, en ons vra dat elke Oosie se voorkoms en skooldrag netjies en volgens die skoolreëls sal wees.

SOSIAAL

Tiarabal (Gr11)

Die graad 11-leerders en ouers word herinner aan die Tiarabal.

Datum : 24 Julie 2026
 Plek : Hoërskool Oos-Moot skoolsaal
 Tyd : 17:30 vir 18:00 tot 22:00
 Kleredrag : **Semi-formeel (sien foto)**

Die sluitingsdatum vir betalings en tafelbesprekings is 23 Julie 2026. Volledige inligting is in die [skrywe](#) vervat.



Matriekafskeid 2026

Ons herinner graag ons matriekleerders en ouers aan hierdie spesiale geleentheid.

Datum : 24 September 2026
 Plek : Colosseum Reale Venue
 Tyd : 18:00 – 23:00

Die sluitingsdatum vir die betalings is 31 Julie 2026. Volledige inligting is in die [skrywe](#) vervat.

SPORT

Bepalings, oefentye, programme en uitslae

Hierdie inligting word, soos ontvang, op die skool se kommunikasiekanale (by die onderskeie sportsoorte geplaas).

HOKKIE

Bepalings

Die Pretoria Cup semi-finaal en finaal se datums en reëlins sal deurgegee word sodra die inligting beskikbaar is.

Die 0.14-span het 'n loslootjie vir die semi-finaal aangesien H/S Die Wilgers aan die kompetisie onttrek het.

Die Northern Seunsliga word geherstruktuer in 2027 met van die groter skole wat se A-spanne terugkeer na die liga. Die Pretoria Cup, waaraan die top 16 skole in Pretoria deelneem, se uitslae word vanjaar ook gebruik om die indeling van die eerste liga vir 2027 te bepaal.

Noordvaal kompetisie

Die volgende spanne het deurgedring na hierdie kompetisie. Baie geluk!

Span	Kompetisie (skole)	Datums	Plek
1stes (dogters)	Groot B	13-16/08	H/S Kempton
0.14A (dogters)	Groot B	13-16/08	Dr DF Malan Meyerton
1stes (seuns)	Medium	30/07 tot 01/08	H/S Kempton

Dit is die eerste keer wat die seunshokkie deurgedring na die Noordvaalkompetisie.

Hokkiekliniek

Alle belangstellendes word uitgenooi na 'n hokkiekliniek:

Datum : 20 Junie
 Tyd : 08:00 tot 11:00
 Plek : Oos-Moot Astro
 Afrigter : Coach Earl Kim-Fley

Registrasie (Registreer [hier](#))
 Sluitingsdatum : 18 Junie

Vir navrae, kontak 071 103 3519

Hokkie – Oosie Juniors

2026 [Inligtingskrywe](#) met volledige inligting t.o.v. oefentye, kleredrag, afrigter ensovoorts.

[Oosie Junior WhatsAppgroep](#)

KULTUUR

OOSIE-ENGELE

Oosie-Engel Boks-insameling



Volgende kwartaal begin Oosie-Engel met 'n spesiale boks-insameling vir ons mindergegoede seuns en dogters in ons skool en gemeenskap.

Ons nooi almal uit om betrokke te raak deur 'n boksie met noodsaaklike items saam te stel – vir meisies en/of seuns.

Meisies se boksies kan items soos gesigwas, deodorant, lyfroom, sanitêre produkte, lyfseep, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, haarrekkies, 'n haarborsel, kam en selfs 'n lekker sjokolade bevat.

Seuns se boksies kan items insluit soos deodorant, lyfroom, lyfseep, gesigwas, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, seep, sjampoe, 'n kam en 'n klein bederfie soos sjokolade.

Elke boksie gaan nie net praktiese hulp bied nie, maar ook wys dat iemand omgee.

Skenkings kan voor of op 31 Julie by K18 ingehandig word.

RASIELEIERS

Die Rasies se volgende kompetisie:

Datum : 28 Junie
 Kompetisie : PULSE
 Plek : Johannesburg Teater
 Tyd : 15:57
 Vir navrae kontak. z.jansevanrensborg@oos-moot.co.za

BUITEPRESTASIES

SPORT

Erkenning van buite-skool prestasies (prestasies buite skoolverband).

Klik op die skakel hieronder.



PROJEKTE

PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).

- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

Aflewering

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.

NATIONWIDE PLUMBING & ELECTRICAL

- ALL PLUMBING
- ALL ELECTRICAL
- RENOVATIONS
- GEYSER INSTALLATIONS
- FAULT FINDING
- AND MUCH MORE

064 532 1842 / 24/7



Oosie-parents give code 201
and the school qualifies for an amount.

Pa & Seun aand 4

Vrydag 19 Junie

Bring jou eie vleis en eetgerei vir 'n gesellige kuier rondom die braaivleisvuur na afloop van die verrigtinge!

18:00 tot 21:00

Hoërskool Oos-Moot SKOOLGRONDE

R150 Pa & Seun
R50 Ekstra seun

Koop **NOU** jou kaartjie op **die BLOURAK**
 alles blou, alles vir jou, koop dit gou.

Een skool een hart een blou

4MZA 4

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepseuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps

- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913

ONS BEDANK

ONS

BL GHOLFDAG BORGE

2026!

CINDY-ANN LE ROUX
HR / Creditors
 012 332 1818
 083 226 2307
 cindy.ann@blitspia.co.za
 www.diydepot.co.za


Top Roof
 Waterproofing


Beauty by Karlen
 ELEVATE YOUR BEAUTY GAME

Ondersteun
die gemeenskap
 Via spesifiek by Blits kassiere jy wil jou aanlope onder
Hoërskool Oos-Moot
 Kontantdonasie/leëning doen.
 Blits gee 10% korting terug aan Hoërskool Oos-Moot.

ATKV
OORDE
BUFFELSPOORT
JOU VAKANSIE INSPIRASIE


ZEROPLUS
 PRINTERS • EMBROIDERS
 12 David Street, Koedoespoort
 012 333 6712
 info@zeroplus.co.za
 www.zeroplus.co.za
 083 226 2307
 012 333 1818

amoeba
 TSC
 012 804 3280
 info@uitkykvliesmark.co.za
UITKYK
 Meat & Supermarket

DENVER
SPUR
 STEAK RANCHES

Harcourts
 Evolve

90+ YEARS

AfriSam
 PROUD SPONSOR


Willard
 Batteries
PRESS


BERCHTESGADEN
 GAME RANCH & LIFESTYLE FARM

ARRIE NEL
PHARMACY GROUP
Family Values, Value for the whole Family!

TOTIUSDAL PHARMACY
 012 332 1911 / 012 332 1912
 totiusdal@arriemel.co.za
 ADDRESS: 779 Codonia Avenue, Waverley, Pretoria, Gauteng
 WEBSITE: www.arriemel.co.za
 WHATSAPP/EMERGENCY: 011 549 2255


pharmed
 Independent Pharmacies


NuSkin Innovation
 Centurion

LEKKERfm
 www.lekkerfm.com


COLBYN GOLF PARK


JAKKELSGROEP


The Honey Pot Brewery


P BIER BUSES / BUSDIENSTE


SAFEKEEPING
VAULTED


AXON
 SECURITY


MDS MOTOR
 DEALER


scissors point


PnA
 colour your world


PROSHIELD
 SECURITY SERVICES
 "We Guard Your City"

90+ YEARS

AfriSam
 PROUD SPONSOR


BUILD IT ONCE.
 EXACTLY WHAT YOU NEED, WHEN YOU NEED IT!


Build it
 Koedoespoort


Salon Chanzelle
 HAIR & BEAUTY SALON
 073 548 6610


Pick n Pay
 Waverley



La Belle
Hair & Beauty Salon



LJR



VAN DER MERWE INC
ATTORNEYS



VD5
properties



Express
EMPLOYMENT PROFESSIONALS



QMAN & BORRIE



ENCHANTED
Aesthetics



LAVISH
HAIR STUDIO



aQuellé



REIT
90 Jaar
WRESTLING
STOREN AMATEUR



SMASH IT



FEES VAN WYNKOPERS

31 JULIE 2026
18:30 VIR 19:00

NG KERK, WAVERLEY-OOS
R200 PER PERSOON

KONTAK SUE-MARIE
082 447 2813 / 067 269 4447

Ondersteun asseblief
ONS BORGE!




REITZ STOEIKLUB
NOU OP
HOËRSKOOLOOS-MOOT
SE PERSEEL!

 Word deel van hierdie sport op ons eie perseel.

 Stoei ontwikkel vaardighede wat voordelig is vir verskeie ander sportsoorte en die sport groei vinnig in Suid-Afrika.

STOEI ONTWIKKEL:

-  KRAG & SPIERUITHOVERMOË
-  BALANS & LIGGAAMSBEHEER
-  RATSHEID & KOÖRDINASIE
-  DISSIPLINE & GEESTELIKE WEERBAARHEID
-  SELFVERDEDIGING & SELFVERTRoue

 **ME T JORDAAN :**
jordaant@oos-moot.co.za

 **CHRISTO REITZ (EIENAAR) :**
+27 (82) 322-2392